Argief


# OFFISIËLE KOERANT
VAN SUIDWES-AFRIKA.

# OFFICIAL GAZETTE
*UITGAWE OP GESAG.* **OF SOUTH WEST AFRICA.** *PUBLISHED BY AUTHORITY.*

| 10c | Donderdag 15 Januarie 1970 | WINDHOEK | Thursday 15 January 1970 | No. 3040 |
|---|---|---|---|---|


**INHOUD** | **CONTENTS** | *Bladsy/Page*


| | | INHOUD | CONTENTS | Bladsy/Page |
|---|---|---|---|---|
| **PROKLAMASIES:—** | | | **PROCLAMATIONS:** | |
| No. | 3 | Dorp Witvlei: Wysiging van Stigtingsvoorwaardes | Township of Witvlei: Amendment of Conditions of Establishment | 86 |
| No. | 4 | Dorp Tamariskia: Wysiging van Stigtingsvoorwaardes | Township of Tamariskia: Amendment of Conditions of Establishment | 86 |
| No. | 5 | Dorp Usakos: Uitbreiding van Grense | Township of Usakos: Extension of Boundaries | 87 |
| No. | 6 | Dorp Krönlein, Keetmanshoop: Wysiging van Stigtingsvoorwaardes | Township of Krönlein, Keetmanshoop: Amendment of Conditions of Establishment | 87 |
| No. | 7 | Dorp Walvisbaai (Uitbreiding 6): Wysiging van Stigtingsvoorwaardes | Township of Walvis Bay (Extension 6): Amendment of Conditions of Establishment | 87 |
| **GOEWERMENTSKENNISGEWINGS:** | | | **GOVERNMENT NOTICES:** | |
| No. | 6 | Munisipaliteit Lüderitz: Wysiging van Strandhuisregulasies | Municipality of Lüderitz: Amendment of Bungalow Regulations | 88 |
| No. | 7 | Munisipaliteit Windhoek: Wysiging van Pensioenfondsreëls | Municipality of Windhoek: Amendment of Pension Fund Rules | 88 |
| No. | R.3985/69 | (Republiek) Doeane- en Aksynswet 1964: Wysiging van Bylae 1 (No. 1/3/1) | (Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule 1 (No. 1/3/1) | 90 |
| No. | R.3986/69 | (Republiek) Doeane- en Aksynswet 1964: Wysiging van Bylae 3 (No. 3/216) | (Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule 3 (No. 3/216) | 94 |
| No. | R.3987/69 | (Republiek) Doeane- en Aksynswet 1964: Wysiging van Bylae 6 (No. 6/29) | (Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule 6 (No. 6/29) | 94 |
| No. | R.3988/69 | (Republiek) Doeane- en Aksynswet 1964: Wysiging van Bylae 7 (No. 7/2) | (Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule 7 (No. 7/2) | 98 |
| No. | R.1 | (Republiek) Doeane- en Aksynswet 1964: Wysiging van Bylae 1 (No. 1/229) | (Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule 1 (No. 1/229) | 99 |
| No. | R.8 | (Republiek) S.A. Verpleegstersraad: Regulasies vir die Kursus vir die Diploma in Psigiatriese Verpleegkunde | (Republic) S.A. Nursing Council: Regulations for the Course for the Diploma in Psychiatric Nursing | 100 |
| No. | R.35 | (Republiek) Regulasies in verband met die Veiligheid van Navigasie 1968: Wysiging | (Republic) Safety of Navigation Regulations, 1968: Amendment | 110 |
| **ALGEMENE KENNISGEWINGS:** | | | **GENERAL NOTICES:** | |
| No. | 1 | Private Wildreserwe: Voorgestelde Proklamering van | Private Game Reserve: Proposed Proclamation of | 111 |
| No. | 2 | (Republiek) Militêre Opleiding en Oefeninge: Walvisbaai | (Republic) Military Training and Exercises: Walvis Bay | 111 |
| **ADVERTENSIES:** | | | **ADVERTISEMENTS:** | 113 |

## PROKLAMASIES

DEUR SY EDELE JOHANNES GERT HENDRIK VAN DER WATH, ADMINISTRATEUR VAN SUIDWES-AFRIKA.

No. 3 van 1970.]

WYSIGING VAN STIGTINGSVOORWAARDES: WITVLEI.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 31A (2) van die Ordonnansie op Dorpe en Grondverdeling 1963 (Ordonnansie 11 van 1963) soos gewysig, verklaar ek hierby dat Proklamasie 2/1952 soos volg gewysig word:—

Die skrapping van „185 tot en met 192" in artikel A. 4 (d); n
die invoeging van „185 tot en met 192" na „164" in artikel C. 6 (b).

Gegee onder my hand en seël in Swakopmund op hierdie die 19de dag van Desember 1969.

J. G. H. VAN DER WATH,
*Administrateur*

---

No. 4 van 1970.]

WYSIGING VAN STIGTINGSVOORWAARDES: TAMARISKIA.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 31A (2) van die Ordonnansie op Dorpe en Grondverdeling 1963 (Ordonnansie 11 van 1963) soos gewysig, verklaar ek hierby dat Proklamasie 18/65 soos volg gewysig word:—

Die vervanging van 50% en 40% in artikel 5 (q) (4) deur 70% en 60%, onderskeidelik.
Die vervanging van artikel 5 (t) (1) deur die volgende nuwe artikel

5 (t) (1) Geen gebou of struktuur of enige deel daarvan, behalwe die buitegeboue, grensmure en omheinings mag opgerig word nader as 3 meter van die agterste grens of enige sygrens, gemeenskaplik aan 'n aangrensende erf nie.

Die vervanging van artikel 5 (u) deur die volgende nuwe artikel

5 (u) Geen gebou of struktuur of enige gedeelte daarvan, behalwe buitegeboue, grensmure of omheinings mag opgerig word nader as 3 meter van die agterste of enige sy-grens gemeenskaplik aan enige aangrensende erf nie.

Gegee onder my hand en seël in Swakopmund op hierdie die 19de dag van Desember 1969.

J. G. H. VAN DER WATH,
***Administrateur***

---

## PROCLAMATIONS

BY THE HONOURABLE JOHANNES GERT HENDRIK VAN DER WATH, ADMINISTRATOR OF SOUTH WEST AFRICA.

No. 3 of 1970.]

AMENDMENT OF CONDITIONS OF ESTABLISHMENT: WITVLEI.

Under and by virtue of the powers in me vested by section 31A (2) of the Townships and Division of Land Ordinance, 1963 (Ordinance 11 of 1963) as amended, I do hereby declare that Proclamation 2/1952 shall be amended as follows:—

The deletion of "185 to 192" in section A. 4 (d); and
the insertion of "185 to 192" after "164" in section C. 6 (b).

Given under my hand and seal in Swakopmund on this the 19th day of December 1969.

J. G. H. VAN DER WATH,
*Administrator*

---

No. 4 of 1970.]

AMENDMENT OF CONDITIONS OF ESTABLISHMENT: TAMARISKIA.

Under and by virtue of the powers in me vested by section 31A (2) of the Townships and Division of Land Ordinance, 1963 (Ordinance 11 of 1963) as amended, I do hereby declare that Proclamation 18/65 shall be amended as follows:—

The substitution for 50% and 40% in section 5 (q) (4) of 70% and 60% respectively.
The substitution for section 5 (t) (1) of the following new section:

5 (t) (1) No building or structure or any portion thereof, except outbuildings, boundary walls and fences, may be erected nearer than 3 metres to the rear or any other lateral boundary, common to an adjacent erf.

The substitution for section 5 (u) of the following new section.

5 (u) No building or structure or any portion thereof, except outbuildings, boundary walls and fences, may be erected nearer than 3 metres to the rear or any other lateral boundary, common to an adjacent erf.

Given under my hand and seal in Swakopmund on this the 19th day of December 1969.

J. G. H. VAN DER WATH,
***Administrator***

---

No. 5 van 1970.]

UITBREIDING VAN DORPSGRENSE.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 29 (1) van die Ordonnansie op Dorpe en Grondverdeling 1963 (Ordonnansie 11 van 1963) verklaar ek hierby dat die grense van die dorp Usakos uitgebrei is om Gedeeltes 46 en 50 van die plaas Usakos Dorp en Dorpsgronde, geleë in die Registrasie-afdeling H in te sluit.

Hierdie eiendomme staan nou bekend as Erwe 203 en 204, dorp Usakos.

Gegee onder my hand en seël in Windhoek op hierdie die 4de dag van Desember 1969.

J. G. H. VAN DER WATH,
*Administrateur*

No. 5 of 1970.]

EXTENSION OF TOWNSHIP BOUNDARIES.

Under and by virtue of the powers in me vested by section 29 (1) of the Townships and Division of Land Ordinance, 1963 (Ordinance 11 of 1963) I do hereby declare that the boundaries of the township of Usakos have been extended to include Portions 46 and 50 of the farm Usakos Town and Townlands situate in the Registration Division H.

The properties are now known as erven 203 and 204, township of Usakos.

Given under my hand and seal in Windhoek on this the 4th day of December 1969.

J. G. H. VAN DER WATH,
*Administrator*

No. 6 van 1970.]

WYSIGING VAN STIGTINGSVOORWAARDES: KRÖNLEIN.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 31A (2) van die Ordonnansie op Dorpe en Grondverdeling 1963 (Ordonnansie 11 van 1963) soos gewysig, verklaar ek hierby dat Proklamasie 53/65 gewysig word deur die vervanging van „50%" in artikel 4 (h) (5) deur "75%".

Gegee onder my hand en seël in Swakopmund op hierdie die 17de dag van Desember 1969.

J. G. H. VAN DER WATH,
*Administrateur*

No. 6 of 1970.]

AMENDMENT OF CONDITIONS OF ESTABLISHMENT: KRÖNLEIN.

Under and by virtue of the powers in me vested by section 31A (2) of the Townships and Division of Land Ordinance, 1963 (Ordinance 11 of 1963) as amended, I do hereby declare that Proclamation 53/65 shall be amended by the substitution for "50%" in section 4 (h) (5) of "75%".

Given under my hand and seal in Swakopmund on this the 17th day of December 1969.

J. G. H. VAN DER WATH,
*Administrator*

No. 7 van 1970.]

WYSIGING VAN STIGTINGSVOORWAARDES VAN UITBREIDING 6, WALVISBAAI.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 31A (2) van die Ordonnansie op Dorpe en Grondverdeling 1963 (Ordonnansie 11 van 1963) soos gewysig, verklaar ek hierby dat Proklamasie 47/1968 gewysig word deur die invoeging van die nommer „en 1970" na die nommer 2263 in artikel 3 (a).

Gegee onder my hand en seël in Swakopmund op hierdie die 17de dag van Desember 1969.

J. G. H. VAN DER WATH,
*Administrateur*

No. 7 of 1970.]

AMENDMENT OF CONDITIONS OF ESTABLISHMENT: EXTENSION 6, WALVIS BAY.

Under and by virtue of the powers in me vested by section 31A (2) of the Townships and Division of Land Ordinance, 1963 (Ordinance 11 of 1963) as amended, I do hereby declare that Proclamation 47/1968 shall be amended by the insertion of the number "and 1970" after the number 2263 in section 3 (a).

Given under my hand and seal in Swakopmund on this the 17th day of December 1969.

J. G. H. VAN DER WATH,
*Administrator*

# Goewermentskennisgewings.

Die volgende Goewermentskennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer.

J. J. KLOPPER,
*Sekretaris van Suidwes-Afrika.*

Kantoor van die Administrateur, Windhoek.

No. 6.] [15 January 1970

Dit behaag die Administrateur om kragtens en ingevolge die bevoegdheid hom verleen by artikel 243 gelees met artikel 274 van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) die onderstaande wysiging van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 77 van 1965 en gewysig by Goewermentskennisgewing 121 van 1968, goed te keur.

MUNISIPALITEIT VAN LUDERITZ.
WYSIGING VAN STRANDHUISREGULASIES.

Die Strandhuisregulasies van die Munisipaliteit van Luderitz word hierby gewysig deur die byvoeging van die volgende regulasie na regulasie 9.

„10. Onder geen omstandighede mag enige persoon 'n hond of enige ander dier binne die strandgebied van die Raad synde die gebied beskryf as Baaistrandservituut op perseel 302 Luderitz inbring of toelaat dat sodanige hond of enige ander dier in voorgenoemde gebied ingebring word nie.

Iedereen wat die bepalings van hierdie regulasie oortree, is skuldig aan 'n misdryf. Die Raad het deur sy verantwoordelike beampte die reg om ingevolge die bepalings van die betrokke ordonnansie iemand te vervolg wat enige hond of ander dier binne die betrokke strandgebied in bring."

---

No. 7.] [15 Januarie 1970

Dit behaag die Administrateur om kragtens en ingevolge die bevoegdheid hom verleen by artikel 243 (3) gelees met artikel 239 van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) sy goedkeuring te heg aan die onderstaande wysigings van die Pensioenfondsreëls van die Munisipaliteit van Windhoek afgekondig by Goewermentskennisgewing 292 van 1953, soos gewysig by Goewermentskennisgewings 12 van 1957, 253 van 1958, 112 van 1965, 132 van 1968 en 199 van 1968.

MUNISIPALITEIT VAN WINDHOEK.
WYSIGING VAN PENSIOENFONDSREËLS.

1. Voeg die volgende subreël by na reël 5 (4):

„(5) Elke lid op wie die uitsonderings genoem in subreël (1) (b) van toepassing is, moet die bydrae wat bepaal is in ooreenstemming met reël 6, maar verminder met 'n driekwart persent van sy pensioendraende besoldiging betaal."

2. Vervang reël 6 deur die volgende:

# Government Notices.

The following Government Notices are published for general information.

J. J. KLOPPER,
*Secretary for South West Africa.*

Administrator's Office, Windhoek.

No. 6.] [15 January 1970

The Administrator has been pleased, under and by virtue of the powers in him vested by section 243 read with section 274 of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963) to approve the following amendment of the regulations promulgated by Government Notice 77 of 1965 and amended by Government Notice 121 of 1968.

MUNICIPALITY OF LUDERITZ.
AMENDMENT OF BUNGALOW REGULATIONS.

The Bungalow Regulations of the Municipality of Luderitz are hereby amended by the addition of the following regulation after regulation 9.

"10. Under no circumstances may any person bring any dog or any other animal or cause any dog or any other animal to be brought into the strand area of the Council, being the area described as Bathing Strand Servitude on plot 302 Luderitz.

Any person who contravenes the provisions of this regulation shall be guilty of an offence. The Council shall have the right through its authorised officer under the provisions of the ordinance concerned to prosecute any person who brings any dog or any other animal into the relative strand area.

---

No. 7.] [15 January 1970

The Administrator has been pleased under and by virtue of the powers in him vested by section 243 (3) read with section 239 of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963) to approve the following amendments to the Windhoek Municipal Pension Fund Rules promulgated by Government Notice 292 of 1953, as amended by Government Notices 12 of 1957, 253 of 1958, 112 of 1965, 132 of 1968 and 199 of 1968.

WINDHOEK MUNICIPALITY.
AMENDMENT OF PENSION FUND RULES.

1. Add the following subrule after rule 5 (4):

"(5) Any member to whom the exceptions of subrule 1 (b) apply shall pay the contribution determined in accordance with rule 6 but reduced by three-quarters per cent of his pensionable emoluments."

2. Substitute the following for rule 6: